20.9 BESWAARSKRIF GK PINETOWN TEEN DIE BESLUIT VAN SINODE 2012 RAKENDE DIE PROSEDURE VIR KERKORDE, ARTIKEL 8 – AANSOEKE (Artt 40, 249)

A. Br AJ Burger stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie Beswaarskrifte 1 –Leerstellig.
C. Ds PW Kurpershoek rapporteer namens die Kommissie Beswaarskrifte 1 – Leerstellig.

D. **BESWAARSKRIF**

1. Versoek om ontvanklikheid

Ter oorweging van hierdie versoek word die volgende chronologiese gebeure gestel:

1.1 Die Klassis KwaZulu-Natal Suid het op 9 September 2014 ‘n aanbeveling aanvaar van ‘n Deputate wat hulle reeds in 2011 aangewys het om die prosedure te evalueer vir aansoeke onder KO, art 8. Die Klassis het ‘n Beskrywingspunt goedgekeur wat versoek dat die besluit van die Algemene Sinode 2012 gewysig word en hierdie Beskrywingspunt is ingesluit in die Agenda van die Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal wat gehou is op 25 November 2014. Die saak is geformuleer as ‘n Beskrywingspunt weens die oogmerk om die besluit aan te vul, uit te brei en te verbeter in ‘n nie-konfronterende en samewerkende gesindheid.

1.2 Die Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal se vergadering op 25 November 2014 het ‘n Regskommissie aangewys om die ontvanklikheid van die Beskrywingspunt te beoordeel. Hulle aanbeveling was dat die punt nie ter tafel geneem word nie: *“3.1.1 Besluite van die Algemene Sinode word nie deur ‘n Beskrywingspunt verander nie maar deur ‘n Gravamen of Beswaarskrif.”* Die Streeksinode het die aanbeveling aanvaar en die Beskrywingspunt is nie deur die vergadering behandel nie.

1.3 Die Klassis besinning oor die saak strek reeds vanaf 2011 en om ‘n verdere vertraging van nog drie jaar te voorkom, het die Kerkraad van die GK Pinetown besluit om in eie reg ‘n Beswaarskrif te rig met die oogmerk om die besluit van die Algemene Sinode 2012 te verander.

1.4 Die Streeksinode vergadering het plaasgevind op 25 November 2014 en hierdie Beswaarskrif is op 1 Desember 2014 ingedien wat binne die 7 kalenderdae spertyd is vir sake wat op die Agendas van Streeksinodes was.

2. Regverdiging van die versoek om ontvanklikheid

2.1 *Prosedureel*

Die 1994 Sinode (Acta 1994:52, 53) het aanvaar dat “*Beswaarskrifte die kerklike weg moet volg met dien verstande dat indien die weg na die volgende meerdere vergadering afgesluit word, ‘n beswaarde nie die reg ontsê kan word om self die beswaar by die betrokke meerdere vergadering in te dien nie. In só ‘n geval moet ‘n beswaarde egter duidelik aantoon waarom nie in die mindere vergadering se oordeel berus kan word nie.”*

2.2 *Onvermoë om by besluit te konformeer*

Die beswaardes kan nie by die by die besluit van die Streeksinode konformeer om nie die saak te hanteer nie. Die saak is reeds sedert 2011 van belang vir die kerke in die ressort van Klassis KwaZulu-Natal. Dit sal nie die kerke dien nie indien dit vertraag sou word om eers in 2018 aandag te kry omdat die 2015 geleentheid gemis sou word.

Alhoewel KO, art 31 impliseer dat besluite slegs deur ‘n beswaar wat aandui dat die besluit nie strook met die Skrif en Kerkorde nie verander kan word, is KO, art 46 nie voorskriftelik oor die benadering wanneer die nodig geag word om ‘n besluit te hersien of te verander nie.

Visser[1] meld drie opsies naamlik ‘n “Beswaarskrif”, ‘n “Versoek tot revisie” of ‘n “Beskrywingspunt”. En volgens Spoelstra[2] moet ‘n saak wat ordelik ter tafel kom deur die vergadering hanteer word na die gelang van die inhoud en “*die naam of vorm van ‘n stuk prejudiseer nie noodwendig die inhou nie.”*
Hierdie beswaar is egter nie ‘n Appèl teen die besluit van die Streeksinode om dit nie te hanteer nie. In navolging van die besluit, is hierdie ‘n pleidooi aan die Algemene Sinode 2015 om die saak te hanteer sonder prejudisering deur die Streeksinode se besluit om dit nie te hanteer nie.

3. Versoek

Die beswaardes is van mening dat al die vereistes nagekom is soos bepaal in die Nasionale Sinode 1994 (Acta 1994:52, 53).
Die Algemene Sinode 2015 word versoek om hierdie beswaar ontvanklik te bevind vir insluiting in hulle vergadering in Januarie 2015.
Daardeur sou die Algemene Sinode samewerkende ondersteuning verleen aan die kerklike weg sonder dat ‘n mindere vergadering die reg ontneem om die besluit van ‘n meerdere vergadering te heroorweeg.

BESWAARSKRIF GK PINETOWN TEEN DIE BESLUIT VAN ALGEMENE SINODE 2012 RAKENDE DIE PROSEDURE VIR KERKORDE, ARTIKEL 8 AANSOEKE

Hierdie beswaar is aanvanklik in Engels geskryf. Indien daar verskille in interpretasie sou wees tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes, dan moet die Engelse deurslaggewend gereken word.

1. Besluit waarteen beswaar aangeteken word

Prosedure vir die evaluering van aansoeke in terme van Kerkorde, art 8 om toegelaat te word tot die diens van die Woord deur persone wat nie (teologie) gestudeer het nie (Acta 2012:501, 502):

1.3 KO, art 8

1.3.1 KO-Bepaling

Iemand wat nie gestudeer het nie, sal nie tot die diens van die Woord toegelaat word nie, tensy daar sekerheid is van sy buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, goeie verstand en onderskeidingsvermoë sowel as gawes van welsprekendheid. As so iemand hom aanmeld, moet die Klassis, as die Partikuliere Sinode dit goedvind, hom eksamineer en na gunstige bevinding hom vir ‘n tyd lank private preekproewe laat lewer, om dan met hom te handel soos die Klassis stigtelik oordeel.

1.3.2 Prosedure

1.3.2.1 Die aanvanklike aansoek om in terme van KO, art 8 tot die bediening toegelaat te word, word aan die aansoeker se Kerkraad gerig.

1.3.2.2 Indien die Kerkraad oordeel dat die aansoek meriete het, word die KO, art 8 aansoek (deur die aansoeker met volledige motivering soos art 8 beskryf tesame met ‘n aanbeveling van die Kerkraad) by die TSP ingedien. (Dit sal verstandig wees indien die Kerkraad ook die advies van die Klassis mbt die KO, art 8 aansoek vra.)

1.3.2.3 Die aansoeker meld by die TSP (Senaat en Kuratore) aan vir ‘n colloquium doctum. Die colloquium doctum dien as ‘n assessering van die teologiese akademiese geskiktheid van die aansoeker. Drie preke (OT, NT en HK) word geëksamineer.

1.3.2.4 Die TSP maak die uitslag van die assessering aan die Kerkraad bekend.

[1]Dr Jan Visser, *Die Kerkorde in Praktyk,* 1999/ Paragraaf 3 op p204.
[2]Dr Bouke Spoelstra, *Gereformeerde Kerkreg en Regering. Handboek in die Kerkorde.* 1989. Paragraaf 3 op p270.

1.3.2.5 Die Kerkraad gee die nodige dokumentasie en motivering aan die aansoeker om by die Streeksinode aan te meld.

1.3.2.6 Indien die Streeksinode bevind dat die aansoeker slaag, word die student na 'n Klassis gestuur om 'n tyd lank preekproewe te lewer, en om dan met hom te handel soos die Klassis stigtelik oordeel.

Besluit: Kennis geneem

2. Sake waaroor die Sinode besluit

Die Sinode keur riglyne (1) goed.

Besluit: Goedgekeur

2. Besluit waarteen beswaar aangeteken word

2.1 *Algemeen*

Dit was nie die bedoeling van Klassis KwaZulu-Natal Suid nie, en is ook nie van die Kerkraad van Pinetown om krities en afwysend te wees teenoor die prosedure wat aanvaar is deur die Algemene Sinode 2012 nie. Om orde te skep in die evaluering van KO, Art 8 aansoeke het nodig geword en die 2012 besluit was 'n goeie begin.

Die oogmerk van hierdie beswaar is om die prosedure uit te brei, aan te vul en te verbeter. Dit is daarom ietwat met huiwering wat die tekortkominge van die 2012 besluit eers uitgelig word, as regverdiging vir die Sinode om die inhoud van die voorstel te oorweeg. Alhoewel die beswaargronde poog om afwykings aan te dui van die intensie en die inhoud van die Kerkorde, word sekere praktiese tekortkominge ook uitgelig as motivering waarom die Sinode die inhoud sal oorweeg van die voorstel om die prosedure en riglyne vir die evaluering van KO, art 8 aansoeke te verbeter.

2.2 *Inleiding*

Die evaluering van die prosedurele riglyne wat deur die Algemene Sinode 2012 goedgekeur is bring aan die lig dat die prosedure en riglyn nie die inhoud en gees van KO, art 8 weerspieël nie. Dit word hier opsommend gelys en dan bespreek as gronde vir die beswaar.

2.2.1 Die evalueringslas van KO, art 8 aansoeke word effektief verskuif van die kerke na die Teologies Skool Potchefstroom (Senaat en Kuratore);

2.2.2 In vergeleke met die inhoud en gees van KO, art 8 het die 2012 prosedure 'n ander balans tussen die toetsing van die gelyste buitengewone gawes se manifestering aan die een kant en die akademiese assessering aan die ander;

2.2.3 KO, art 8 bevat 'n periode van groei en ontwikkeling tot by preekvaardigheid nádat die manifestering van buitengewone gawes reeds bevestig is, maar in die 2012 prosedure word hierdie beoordeling van preekvaardigheid gekombineer met die evaluering van buitengewone gawes;

2.2.4 Die bydrae van al die rol spelers word nie duidelik gedefinieer in die 2012 prosedure nie.

2.3 *Beswaargrond 1 – die balans van die evalueringslas*

Die substansie en gees van KO, art 8 is dat die evaluering, eksaminering en besluit deur die kerke geneem word, naamlik die Klassis met die goedkeuring van die Streeksinode.

Die 2012 prosedure erken die rol van die Kerkraad deur die evaluering of die aansoek meriete het, maar die rol van die Klassis word bykans ontneem. Alhoewel die prosedure aandui dat dit "verstandig sal wees indien die Kerkraad ook die advies van die Klassis" sou vra, word dit nie as vereiste gestel nie. Sonder enige duidelikheid oor wat die evaluasie en getuienis van die Kerkraad behels om te oordeel of die aansoek meriete het of nie, is dit te verwagte dat heelwat aansoeke die TSP bereik as die eerste werklike toets van die gawes. Sonder die rol wat die Klassis kon speel in die bevestiging van die deeglikheid en begronding van die Kerkraad se oordeel, en om die manifestasie van buitengewone gawes deur hulle eie beoordeling te toets, sou die TSP belas word met aansoeke wat vroeër afgekeur kon word.

Sonder riglyne aan Kerke oor hulle rol, word die TSP verder effektief die primêre evalueringsparty in die 2012 prosedure. Die prosedure stel wel dat die finale evaluering deur die Streeksinode gedoen word, maar in praktyk is dit ‘n verifiëring van die TSP evaluasie resultaat (en die Kerkraad oordeel van meriete) tesame met ‘n finale bevestiging van die aansoeker se regsinnigheid. Die afgevaardigdes na die Streeksinode leef nie in noue kontak met die aansoeker nie en kan daarom nie die primêre beoordelaar wees oor die manifestering van die buitengewone gawes in die lewe en gemeenskap van die aansoeker nie. In teenstelling met die oogmerk van KO, art 8 word die TSP belas om die integriteit van die evalueringsproses rakende die manifestering van buitengewone gawes te verseker. En dit terwyl ook hulle die aansoeker nouliks ken en ook nie van hulle verwag kan word om te getuig oor die manifestering van die buitengewone gawes soos gelys in KO, art 8 nie.

Die 2012 prosedure plaas die TSP verder ook nog in ‘n baie moeilike posisie wat grens aan ‘n potensiële konflik van belange. Die instelling wat juis akademiese teologiese studies moet aanbied, bevorder en bewaar word versoek om die nodigheid van studies te ondersoek en moontlik aan te beveel dat dit nie nodig mog wees nie. Die *bona* fides van die TSP word nie bevraagteken nie, maar die impak van hul konteks en hulle toewyding om akademiese onderrig aan te bied en te bevorder en die integriteit daarvan te bewaar moet erken word.

In KO, art 8 het die kerke in die GKSA akkoord gegaan dat die evalueringslas by die Kerke tuishoort en wel by die Klassis, met goedkeuring van die Streeksinode. Dit is logies dat hulle insette van ander partye sou vra soos die Kerkraad en die TSP. Maar die 2012 prosedure negeer die verantwoordelikheid van die Klassis in die proses en oorbeklemtoon die TSP as bewaker van die proses.

2.4 *Beswaargrond 2 – manifestering van buitengewone gawes en akademiese kennis*

Die vereiste om toegelaat te word tot die diens van die Woord vir ‘n aansoeker wat nie teologie studeer het nie, is dat *“daar sekerheid is van sy buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, goeie verstand en onderskeidings-vermoë sowel as gawes van welsprekendheid.”* Die primêre evaluering wanneer so ‘n aansoek oorweeg word behoort duidelik te fokus op die manifestering van hierdie gawes in die lewe van die aansoeker.

Die 2012 prosedure en riglyne gee nie duidelike ondersteuning aan kerke vir hierdie evaluering nie. Dit word waarskynlik implisiet aangeneem in die oorweging van die Kerkraad om te oordeel of die aansoek meriete het. Dit word nie ingesluit in die assessering deur die TSP nie, aangesien die prosedure stel dat die TSP assessering spesifiek fokus op die “teologiese akademiese geskiktheid” en drie preke. Ook is daar geen indikasie dat die Streeksinode se eksaminering enigsiets anders sou behels (soos die bevestiging van die buitengewone gawes) as die normale eksaminering van regsinnigheid van die aansoeker soos by KO, art 4 ter sprake is nie.

Die bevestiging van manifestering van die gawes wat in KO, art 8 gelys word behoort sentraal en die mees belangrike element van oorweging te wees in die beoordeling van die aansoek. Die weglating van riglyne oor hoe om die manifestering van die gawes te bevestig sal wesenlike gevolge inhou. Aansoeke sonder meriete wat vroeg in die proses afgekeur behoort te word sal voortgaan en die werkslas van die TSP en meerdere vergaderings oorlaai. Andersom sou die buitengewone werk van die Heilige Gees verontagsaam word deur nie die gawes te bevestig nie, en die kerk van Christus die bediening ontneem word van gawes wat Hy gegee het.

Terwyl die beoordeling van buitengewone gawes onderbeklemtoon word in die 2012 prosedure, is die prominensie van die akademiese evaluering in effek die sentrale element in die beoordeling en dus nie belyn met die oogmerk om ‘n aansoeker te evalueer wat nie teologie gestudeer het nie.

So ‘n akademiese assessering kan natuurlik nie verkeerd wees nie, maar die versuiming om die oogmerk en die gebruik van die uitkoms duidelik te maak is wel. *Prima facie* getuienis[3] dui daarop dat akademiese kennis *per se* in alle waarskynlikheid die oorheersende inset vorm in die oorweging van die uitslag van die assessering. Verder word die aard van die uitslag nie in die 2012 prosedure gespesifiseer nie, en ervaring in die verlede[3] (wat aanleiding gegee het tot die Klassis ondersoek) was dat dit bloot aangedui het dat die aansoeker nie geskik is nie – sonder enige aanduiding of die gronde van die beslissing bv weens onvoldoende akademiese geskiktheid was of weens onvoldoende manifestering van die buitengewone gawes wat in KO, art 8 gelys is.

Die 2012 prosedure het ‘n merkbare wanbalans aangesien riglyne vir die beoordeling van die buitengewone gawes wat in KO, art 8 gelys word uitgelaat is terwyl die oogmerk en gebruik van die “assessering van teologiese akademiese geskiktheid” nie gedefinieer word nie. Die gevolg is dat die oorweging van ‘n KO, art 8 aansoek bykans identies sou wees as die oorweging van ‘n KO, art 4 aansoek, wat duidelik nie die intensie van die Kerkorde is nie.

2.5 *Beswaargrond 3 – volgorde van evaluering*

Die redaksie van KO, art 8 bevat ‘n beweging van groei en ontwikkeling op pad na aanvaarbare toepassing van die buitengewone gawes voordat die aansoeker, wat nie teologie studeer het nie, toegelaat kan word tot die diens van die Woord. Oorweging van die artikel bring die volgende aan die lig: Eerstens die manifestering van “*buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, goeie verstand en onderskeidingsvermoë sowel as gawes van welsprekendheid.”* Dit word deur die Klassis met goedkeuring van die Streeksinode bevestig (met sekerheid), die aansoeker word dan geëksamineer deur die Klassis waar die aansoeker bekend is en die manifestering van die buitengewone gawes bevestig kan word. Indien die eksaminering gunstig is, word ‘n reëling getref vir die aansoeker om *“vir ‘n tyd lank private preekproewe”* te lewer. Na ‘n periode besluit die Klassis hoe om verder tot stigting te handel.

Die periode van *‘private preekproewe’* en *‘handel soos die Klassis stigtelik oordeel’* is heel anders as in die geval van aansoeke weens KO, art 4 in welke geval ‘n aansoeker onmiddellik beskikbaar geag word vir beroeping in die kerke na die eksaminering deur die Streeksinode gunstig was.

Die volgorde in KO, art 8 laat ‘n periode toe vir groei in die effektiewe aanwending van buitengewone gawes in die voorbereiding en lewering van preke. Afhangende van die vordering kan die Kerkraad en/of Klassisondersteuning bied op verskeie maniere, óf hulle kan die aansoeker beskikbaar maak vir beroep deur die kerke indien sy vordering bevredigend was, óf indien die vordering nie na wense is nie oor verloop van tyd sou hulle die proses kon staak en die aansoeker bystaan in ander maniere om sy gawes aan te wend in die Koninkryk.

Die 2012 prosedure reflekteer nie hierdie dinamika van groei en ontwikkeling van KO, art 8 nie aangesien die evaluering van preke (en teologiese akademiese geskiktheid) deel uitmaak van die aanvanklike oorweging van die aansoek.

2.6 *Beswaargrond 4 – al die rolspelers*

Die rol van die Kerkraad is krities in die oorweging van die aansoek volgens KO, art 8 en alhoewel die 2012 prosedure hulle rol aandui om te oordeel of die aansoek meriete het, gee dit geen duidelike definisie van wat dit behels nie.

KO, art 8 dui die Klassis aan as die sleutel speler in die eksaminering van die aansoek – nie net om die regsinnigheid te bevestig nie, maar ook om die manifestering van die buitegewone gawes te verifieer (vgl van der Linde, Spoelstra, Visser).

[3] ‘n Verteenwoordiger van die beswaarde kan die getuienis in camera deel.

Die 2012 prosedure stel nie die betrokkenheid van die Klassis as 'n vereiste voor die assessering van die TSP en die gunstige eksaminering deur die Streeksinode nie. Alhoewel die prosedure aandui dat dit "wenslik" sal wees vir die Kerkraad om die Klassis te raadpleeg, word dit nie as vereiste getel nie.

Die Kerkorde stel nie die betrokkenheid van die TSP as direkte vereiste nie. Dit is verstaanbaar en wenslik dat die kerke hul advies sal vra. Nie om die besluit te neem nie, maar vir die kerke (Kerkraad, Klassis en Streeksinode) om die TSP advies in te sluit saam met ander inligting en aanbevelings van ander partye in die oorweging en gevolgtrekking van die aansoek. Die inhoud van die TSP assessering en die gebruik daarvan deur die kerke in die proses is egter nie gedefinieer in die 2012 prosedure nie.

Die oorweging van 'n aansoek vanweë KO, art 8 is van groot belang en altyd gelaai met heelwat ernstige opinies en emosie en potensiële subjektiwiteit. Dit is belangrik dat die proses en die rolle van al die rolspelers duidelik gedefinieer word om alle betrokkenes se fokus op die inhoud van die aansoek te laat hou sonder verwarring en frustrasie van die proses wat gevolg word. Die 2012 prosedure definieer nie die rolle van al die rolspelers duidelik nie.

3. Verwysings

In die aanbevole prosedure wat hierna volg, word na die volgende literatuur verwys as direkte of indirekte ondersteuning van die onderskeie gedeeltes:

A. Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika; 1966; p77-83. Ds LS Kruger, Ds HLM du Plessis, Dr B Spoelstra, Ds TT Spoelstra.
B. Die Kerkorde – 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde; 1983; p37-40. Dr GPL van der Linde.
C. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering – Handboek by die Kerkorde; 1989; p72-77. Dr Bouke Spoelstra.
D. Die Kerkorde in Praktyk; 1999; Dr Jan Visser; p43-44.
E. Kerkordeboekie van die GKSA; 1998; p16.
F. Besluite deur die GKSA Nasionale Sinode Potchefstroom in 1967 (p49, 50) en 1970 (p122-128).

4. Voorgestelde "Prosedurele riglyne vir die evaluering van aansoeke in terme van KO, art 8"

Die voorkeurroete na die diens van die Woord in die GKSA is deur voltooiing van teologiese opleiding van ons kerke soos aangebied deur die Teologiese Skool Potchefstroom in samewerking met die Noordwes Universiteit (NWU). Daar is 'n verstaanbare versigtigheid om persone toe te laat wat nie hierdie studie voltooi het nie. Tog, met die Koninkryk van Christus as basis, word bely dat die Here individue op ander maniere deur die Heilige Gees kan toerus – met bevestiging uit die kerkgeskiedenis waar manne soos Johannes Calvyn en Dirk Postma toegelaat is tot die diens van die Woord sonder afhandeling van sodanige teologiese studie. Dit word erken en gereguleer in die GKSA Kerkorde deur KO, art 8.

Die volgende prosedure met riglyne behoort gevolg te word in die oorweging van aansoeke ten opsigte KO, art 8. Dit is bedoel as gids vir die onderskeie rolspelers ter ondersteuning van 'n verantwoordelike evaluering van die gawes wat die Heilige Gees geskenk het.

4.1 ***Enige individu*** kan homself aanmeld by die plaaslike Kerkraad om geëvalueer te word ten opsigte van KO, art 8 en om ondersteuning te ontvang deur die hele proses van beoordeling[, C, D] indien:

4.1.1 Hy van oordeel is dat hy die buitengewone gawes soos in KO, art 8 genoem en in hierdie prosedure uitgebrei is van die Heilige Gees ontvang het, en indien

4.1.2 Hy 'n "innerlike roeping" ervaar tot die diens van die Woord.

4.2 *By die ontvang van 'n aansoek om geëvalueer te word ten opsigte van KO, art 8, sal* ***die Kerkraad****:*

4.2.1 Oorweeg en oordeel of daar onmiskenbare getuienis is dat die persoon wel oor die buitengewone gawes beskik. [A B C D] Alhoewel elke Kerkraad eie diskresie sal uitoefen hoe om die evaluasie te doen, [C D] behoort dit gebaseer te wees op intensiewe waarneming, intieme kennis en bewys van die aansoeker se gedrag en karakter in evangelisasie en binne die gemeente. [C]

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie eerstens 'n oorweging is om die gawes wat die Heilige Gees aan die persoon gegee het te bevestig, en tweedens, om te oorweeg of die persoon erken moet word as 'n gawe van die Heilige Gees aan die kerk. Dit is nie 'n evaluasie van die persoon nie, maar 'n bevestiging van die gawes van die Heilige Gees.

Die Kerkraad moet verder die omstandighede van die aansoeker oorweeg om te oordeel of hy nie liewer geadviseer moet word om in te skryf vir teologiese akademiese studies nie aangesien dit die voorkeur ontwikkelingspad is tot toelating in die diens van die Woord.

4.2.2 Sonder om voorskriftelik te wees word die volgende riglyn aanbeveel vir Kerkrade en gemeentes om die getuienis te oorweeg. In elke geval word geadviseer om op spesifieke voorbeelde en die beoordeling daarvan te let aangesien sodanige voorbeelde waardevol sal wees om hulle gevolgtrekking en aanbeveling aan die Klassis te bevestig. (Dieselfde advies geld ten opsigte van die gevolgtrekking en aanbeveling van die Klassis aan die Streeksinode.) [Let daarop dat die oogmerk is om vrae te stel wat die praktiese manifestering van die gawes gelys in KO, art 8 sal toets.]

4.2.2.1 Hoe demonstreer die broer se lewe van 'n persoonlike geloof en verhouding met die Drie-enige God?

4.2.2.2 Hoe word integriteit, beskeidenheid en toewyding aan die wil van God in sy lewe uitgebeeld?

4.2.2.3 Hoe wys hy God se liefde en genade deur sy lewe?

4.2.2.4 Hoe word nederigheid sigbaar in sy lewe? (Hoe goed luister hy na ander sonder om altyd sy eie siening te wil oordra?

4.2.2.5 Hoe gebruik hy sy kennis en insig prakties? (Kan hy dinge op eenvoudige en praktiese manier verduidelik?)

4.2.2.6 Hoe suksesvol is hy om 'n toegewyde lewe te leef wat die liefde en genade van God demonstreer?

4.2.2.7 Hoe word sy vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei bewys? (Herken hy valse leerstellings selfs as dit verskuil is?)

4.2.2.8 Hoe duidelik en verstaanbaar is sy taal? (Is dit maklik om hom te verstaan en maak hy die Woord van God helder duidelik?)

4.2.2.9 Hoe gebruik hy sy kennis en gawes om gemeentelede uit die Woord van God te leer, op te bou en te troos?

4.2.2.10 Ken hy die Gereformeerde Leer en hoe bepaal of vorm dit sy lewe?

4.2.2.11 Ken hy die beginsels van die Gereformeerde Kerk regering en hoe pas hy dit toe?

4.2.2.12 Watter ander kommentaar het jy van die broer om die kerk te help in die oorweging van sy aansoek om 'n Bedienaar van die Woord (predikant) te word?

4.2.3 <u>Indien die Kerkraad oortuig is</u> dat die aansoeker wel beskik oor die buitengewone gawes, en dat formele akademiese teologiese studie nie die mees toepaslike weg in sy geval sou wees nie, dan rig hulle 'n versoek aan die Klassis om hulle te help met verdere oorweging van die aansoek. Hierdie versoek aan die Klassis moet gemotiveer word met die Kerkraad en die Gemeente se getuienis aangaande die aanwesigheid van die buitengewone gawes. Die aanvanklike aansoek van die aansoeker moet ook ingesluit word by die Kerkraad se versoek aan die Klassis.

4.2.4 <u>Indien die Kerkraad egter nie oortuig is nie</u> dat die aansoeker se gawes voldoen aan die vereistes nie, dan moet sy aansoek nie verder gevoer word nie en hy moet pastoraal ondersteun word in sy kontinue groei in genade; en ook met betrekking tot die oorweging van sy persoonlike roeping binne die kerk en die Koninkryk.

4.3 *By die ontvangs van 'n versoek van 'n Kerkraad om 'n KO, art 8 aansoek te oorweeg, sal* ***die Klassis***

4.3.1 Al die toepaslike dokumentasie oorweeg om te bevestig dat die Kerkraad die saak deeglik evalueer het. [C]

4.3.2 Indien die Klassis oordeel dat die Kerkraad die saak deeglik oorweeg het, doen die Klassis haar eie bevestiging. [A B C D] Vir hulle eie rekening moet hulle diskresie gebruik om in eie reg te beoordeel of die Klassis self ook bevestig dat die aansoeker begaaf is met die nodige buitengewone gawes – deur al die getuienis in ag te neem en hulle eie te bekom soos van toepassing (bv getuienis van ander kerke in die ressort van die Klassis, persoonlike onderhoud ens). Die Klassis kan oorweeg om 'n soortgelyke benadering te volg as die riglyn vir die Kerkraad (sien 4.2.2 hierbo). Die Klassis kan dit oorweeg om proefpreke te versoek alhoewel dit ietwat voortydig sou wees in vergeleke met die logiese volgorde ooreengekom in KO, art 8.

4.3.3 Indien die Klassis oordeel dat die aansoeker nie beskik oor die voorgeskrewe buitengewone gawes nie, of indien die Klassis van oordeel is dat die Kerkraad die saak nie deeglik oorweeg het nie, dan word dit terug verwys na die Kerkraad om onderskeidelik die persoon pastoraal te ondersteun of om die saak deeglik te oorweeg soos van toepassing.

4.3.4 Indien die Klassis oordeel dat die aansoeker wel beskik oor die voorgeskrewe buitengewone gawes, dan

4.3.4.1 Rig die Klassis 'n versoek tot die Teologiese Skool Potchefstroom (TSP) om die teologiese kennis van die aansoeker te ondersoek met die oogmerk om tekortkominge te identifiseer en praktiese aanbevelings te maak van hoe dit aangevul/oorbrug kon word (bv materiaal wat bestudeer kan word met begeleiding deur 'n bedienaar van die Woord).

4.3.4.2 Oorweeg die Klassis die evaluasie deur die TSP. Afhangende van die omvang en wesenlikheid van die tekortkoming van kennis kan die Klassis dit terugverwys na die Kerkraad. Indien die tekortkoming nie ernstig is nie rig die Klassis dan 'n versoek aan die Streeksinode om die aansoek te oorweeg. Die Klassis se versoek sou in alle gevalle 'n aanbeveling insluit van hoe enige geïdentifiseerde tekortkoming aangespreek sou word.

4.4 *Na ontvangs van 'n gemotiveerde versoek van die Klassis om die eksaminering ten opsigte van KO, art 8 te oorweeg en goed te keur, sal* ***die Streeksinode***

4.4.1 Die getuienis van die Kerkraad en die Klassis oorweeg. Die Klassis versoek moet die evaluasie verslag van die TSP insluit tesame met aanbevelings oor hoe die geïdentifiseerde tekortkomings oorbrug sou word.

4.4.2 Indien die Streeksinode oordeel dat die Klassis se oorweging voldoende was en dat die aanbeveling geloofwaardig is, dan eksamineer die Streeksinode die regsinnigheid van die aansoeker.

4.4.3 Indien die Streeksinode oordeel dat die regsinnigheid van die aansoeker goed is tesame met die gevolgtrekking dat hy wel beskik oor die buitengewone gawes, verleen die Streeksinode goedkeuring dat die Klassis 'n "periode van private preekproewe" definieer en uitvoer op 'n wyse wat die Klassis bepaal. Hierdie periode kan naas die lewering van preekproewe ook addisionele toerusting kon insluit om potensiële tekortkominge in teologiese kennis aan te spreek.

4.5 *Met goedkeuring om 'n periode van preekproewe te reël, sal* ***die Klassis***

4.5.1 In samewerking met die aansoeker se Kerkraad en moontlik 'n naburige kerk, 'n periode stel waartydens die aansoeker preekproewe lewer onder toesig van die Kerkraad (of Kerkrade). Addisionele reëlings kan getref word vir afrigting en mentorskap en geleenthede vir verdere ontwikkeling en verfyning in die praktiese aanwending van die gawes nodig in die diens van die Woord. (Dit sal goeie praktyk wees om sodanige ondersteuningsplan reeds in te sluit in die aanbeveling aan die Streeksinode.)

4.5.2 Oorweeg soos toepaslik die vorderingsterugvoer van die Kerkraad wat toesig hou oor die proses van die aansoeker se ontwikkeling.

4.6 ***Die Kerkraad***

4.6.1 Hou toesig oor, en gee rigting aan die aansoeker se uitvoering van die Klassis goedgekeurde plan om sy teologiese kennis aan te vul soos nodig, en in sy program van preekproewe in die Kerk en moontlik naburige kerke soos van toepassing.

4.6.2 Gee gereelde vorderingsverslae aan die Klassis soos ooreengekom in die Klassis besluit (sien 4.5.1 hierbo). Die vorderingsverslae moet aanbevelings insluit vir die Klassis se oorweging.

4.7 *Op 'n tydstip wat die Kerkraad aanbeveel dat die Klassis voortgaan om die aansoeker te eksamineer, sal* ***die Klassis***

4.7.1 Die aansoeker eksamineer [A B C D E] met advies van die Deputate vanweë die Streeksinode [D],

Hierdie eksaminering is soortgelyk aan die eksaminering deur die Klassis, of Streeksinode van 'n kandidaat wat sy teologiese studie suksesvol voltooi het en aansoek doen tot toelating tot die diens van die Woord onder KO, art 4. Dit moet die volle veld insluit van die voorbereidende (praeparatoir) eksamen. [B]As riglyne vir die eenvormige afneem van hierdie eksamen stel die Nasionale Sinode van 1970 (Acta 1970:128) die besluit geneem deur die Nasionale Sinode 1967 (Acta 1967:49-51).

Sonder om deel te vorm van hierdie besluit is hierdie eksamineringriglyne kortliks die volgende:

4.7.1.1 *Die aansoeker moet drie preke verskaf vir evaluering (OT, NT en Kategismus).*

4.7.1.2 *Die aansoeker moet 'n preek voor die vergadering lewer sodat geoordeel kan word oor sy geskiktheid in die beoefening van die preekgawes en oor sy bekwaamheid in die uitlegging van die Heilige Skrif. Die vergadering moet betyds vooraf 'n keuse van Skriftekste aan die aansoeker stel waarvandaan hy 'n keuse kan maak.*

4.7.1.3 *Die vergadering moet hom vergewis of die aansoeker bekwaam is om as herder en leraar die hoofsake van die geloofsleer te kan verduidelik, as kategeet kan optree en as kerkregeerder kan dien.*

4.7.1.4 *Die vergadering het die reg om enige punt, wat verband hou met sy beroepbaarstelling en proponering, baie deeglik te ondersoek ten einde seker te maak dat hy wel bekwaam is om met stigting voor die gemeente op te tree.*

4.7.1.5 *Vanuit die voorgelegde dokumentasie tesame met die eksaminering moet die vergadering oordeel of die aansoeker toegerus is om met die nodige gawes met vrug te kan dien as herder en leraar in die gemeente. (Die volle spektrum van die ampswerk van 'n bedienaar van die Woord word gedek tesame met teologiese velde van Kerkregering, Dogma, Homeletiek, Hermeneutiek, Liturgie, Pastorale sorg en Kategese.) Dit sluit in die bevestiging van studiegawe en preekgawe; lewenswysheid en waardigheid in sy persoonlike en openbare lewe; om 'n waardige leier te wees met 'n temperament in ooreenstemming met die gawes van die Heilige Gees.*

4.7.1.6 *Die vergadering moet oortuig wees dat die aansoeker voldoen aan die spesifieke vereistes wat gestel word vir bedienaars in die kerk – beide sy gedrag (verwys 1 Tim 3; Tit 1) en sy karakter (verwys teksgedeeltes soos Matt 11:29; Gal 5:22; Fil 2:1-8).*

4.7.1.7 *Die vergadering moet die redes vir die aansoek tot toelating tot die diens van die Woord bevestig, in die besonder die persoonlike roeping van die Here en die geskiedenis van die aansoeker se oortuiging van hierdie roeping.*

4.7.2 <u>Indien die Klassis, met advies van die Deputate vanweë die Streeksinode, oortuig is dat die aansoeker nie geskik is vir die diens van die Woord nie</u>, dan neem die Klassis 'n toepaslike besluit gebaseer op die meriete van die spesifieke aansoek.

4.7.3 <u>Indien die Klassis, met advies van die Deputate vanweë die Streeksinode, oortuig is dat die aansoeker wel geskik is vir die diens van die Woord</u>, keur hulle die aansoeker goed as proponent. Die aansoeker teken die verklaring om die ware leer te handhaaf en sy naam word ingeskryf in die register van proponente; hy word beskikbaar gestel vir beroeping deur Kerke as bedienaar van die Woord.

Mag die Here ook hulle gebruik wat Hy sonder formele akademiese teologiese studie bekwaam het vir die bediening van sy Woord, en mag Hy die Kerke die nodige wysheid en onderskeiding gee om sy gaweste herken en te gebruik.

5. Aanbevelings

Daar word aanbeveel dat die Algemene Sinode

5.1 Van paragraaf 1 sal kennis neem.

5.2 Paragraaf 2 sal oorweeg en handhaaf om dan die voorgestelde verandering te behandel

5.3 Van paragraaf 3 sal kennis neem.

5.4 Paragraaf 4 sal oorweeg en die voorgestelde "Prosedurele riglyne vir die evaluering van aansoeke in terme van KO, art 8" sal goedkeur.

E. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Beswaarskrif, 20.9.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake ter kennisname

2.1 Ds PA Coetzee is versoek om met die Kommissie te praat om toeligting te gee rakende die agtergrond van die besluit wat Sinode 2012 geneem het.

2.2 Oudl AJ Burger is as toeligter vanaf GK Pinetown aangehoor en die basiese beredenering van die Beswaarskrif is met hom deurgepraat.

2.3 Gesprek is ook met prof J Smit gevoer oor die besluit van Sinode 2012.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.

3. Nodige agtergrond

3.1 KO, art 8 raak die aansoeke van persone om toegelaat te word tot die diens van bedienaar van die Woord op grond van buitengewone gawes.

3.2 Tydens Sinode 2012 het – as deel van die Kuratorerapport – 'n dokument gedien wat die Kuratore se werkswyse uiteensit insake *die aard en omvang van die ondersoek van persone wat aansoek doen in terme van onderskeidelik KO, artt 4, 8 en 9 van die Kerkorde* (sic – Acta 2012:500, 1.1.2).

3.3 Hierdie werkswyse is deur die Kuratore daargestel om hulle as Kuratore te begelei om nie elke keer *de novo* te moet handel oor hoe opgetree behoort te word wanneer hulle oor sake rakende KO, artt 4, 8, 9 moet handel nie. Die werkswyse is aan die Sinode voorgelê om te beoordeel en is toe deur die Sinode goedgekeur.

3.4 Hiermee is op die oog af 'n prosedure daargestel wat vir alle kerke voorskriftelik is oor hoe om aansoeke kragtens KO, artt 4, 8, 9 te hanteer – wat nie die oorspronklike bedoeling van die Kuratore se voorlegging was nie.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.4 kennis geneem.

4. Beoordeling van beswaargrond 1

4.1 *Bewering deur Beswaarskrif*

Die Beswaarskrif beweer dat met die prosedure die evalueringslas van die kerke na die TSP (Senaat en Kuratore) verskuif het.

4.2 *Beredenering deur Beswaarskrif*

4.2.1 Die Beswaarskrif stel dat KO, art 8 veronderstel dat die evaluering, eksaminering en besluit insake artikel 8, KO-aansoeke in wese deur die kerke hanteer word.

4.2.2 Die Beswaarskrif stel verder dat die rol wat die Kerkorde aan die Klassis toeken, deur die prosedure bykans ontneem word.

4.2.3 Die Beswaarskrif stel ook dat – weens die skrale verwysing in die prosedure na die proses by die Kerkraad – die Kerkraad se rol verskraal word.

4.2.4 Die Beswaarskrif stel uiteindelik dat die prosedure die TSP die primêre evalueringsparty maak insake die artikel 8, KO-aansoeke.

4.3 *Beoordeling van beswaargrond*

4.3.1 Die vertrekpunt van die Beswaarskrif, naamlik dat aansoeke kragtens KO, art 8 primêr die verantwoordelikheid van die kerke is, is korrek. Dit is immers die ouderlinge wat die verantwoordelikheid het om toesig te hou oor die bediening van die Woord (Handelinge 11:30, 15:28-30; KO, art 15, 19).

4.3.2 Die Beswaarskrif is nie korrek om te beweer dat die Kerkraad se rol verskraal word nie. Die woorde *Indien die Kerkraad oordeel dat die aansoek meriete het* (1.3.2.2 van prosedure) gee voldoende ruimte aan die Kerkraad om die volle verantwoordelikheid wat in KO, art 8 verwoord word, uit te voer.

4.3.3 Die Beswaarskrif is egter wel korrek om te stel dat met die prosedure – soos dit tans in die besluit van Sinode 2012 na vore kom – die Klassis se rol bykans weggehaal word. In plaas daarvan dat die Klassis die eksaminering waarneem (soos KO, art 8 dit stel), word in die prosedure net gestel dat dit *verstandig* sou wees *indien die Kerkraad aan die Klassis advies* sou kon vra.

4.3.4 Dit is verder opmerklik dat KO, art 8 self nie enige rol aan die TSP toeken nie. Waarom daar in ‘n algemene prosedure wat vir alle kerke van toepassing is, sodanige prominente rol aan die TSP toegeken word, is vreemd. Dit pas ook nie in by die vertrekpunt van KO, art 8 naamlik dat hier juis oor persone met *buitengewone gawes* gehandel word en nie oor die persone wat akademies opgelei word nie – waarvoor die TSP kragtens KO, art 19 verantwoordelik is.

4.3.5 Daar sou ook – gesien die agtergrond van die besluit geneem in 2012 – gestel kon word dat die prosedure net vir die Kuratore daargestel is en dus nie kerke verhoed om die weg wat KO, art 8 aandui, te volg nie. Ook sou beweer kon word dat net die betrokkenheid van die TSP in die prosedure uitgelig word en dat dit daarom net oënskynlik is asof die evalueringslas na die TSP verskuif het. Tog kan die Algemene Sinode nie anders as om te werk met die besluit soos dit tans in die Handelinge gestel word nie. Soos die besluit tans verwoord is, neem die TSP dus ‘n posisie in wat in stryd is met die bedoeling van KO, art 8.

4.4 *Bevinding oor beswaargrond*

Die Beswaarskrif het genoegsaam bewys dat die huidige prosedure die evalueringslas van die kerke na die TSP geskuif het.

Besluit: Punte 4.1 tot 4.4 kennis geneem.

4.5 *Aanbeveling*

4.5.1 Die beswaargrond slaag.

Besluit: Goedgekeur.

5. Beoordeling van beswaargrond 2

5.1 *Bewering deur Beswaarskrif*

Die Beswaarskrif beweer dat daar met die prosedure ‘n verskuiwing gekom het rakende die balans tussen die evaluering van die buitengewone gawes en die akademiese evaluering.

5.2 *Beredenering deur Beswaarskrif*

5.2.1 Die Beswaarskrif stel dat KO, art 8 veronderstel dat die primêre evaluering op die manifestering van die buitengewone gawes behoort te fokus.

5.2.2 Die Beswaarskrif stel verder dat die prosedure die evaluering van die buitengewone gawes onderbeklemtoon omdat dit net implisiet in die eerste woorde van 1.3.2.2 (*Indien die Kerkraad oordeel dat die aansoek meriete het)* na vore kom.

5.2.3 Die Beswaarskrif stel ook dat die weglating van enige riglyne oor hoe om die manifestering van die buitengewone gawes te beoordeel, daartoe kan lei dat die kerk van Christus die bediening ontneem word van gawes wat Hy gegee het.

5.3 *Beoordeling van beswaargrond*

5.3.1 Die vertrekpunt van die Beswaarskrif, naamlik dat die evaluering van persone kragtens KO, art 8 op die manifestering van buitengewone gawes behoort te fokus, is korrek.

5.3.2 Die Beswaarskrif is egter nie korrek om te stel dat die evaluering van buitengewone gawes onderbeklemtoon word nie. Riglyne of prosedure vir die beoordeling van die buitengewone gawes kragtens KO, art 8 is ‘n saak wat kragtens KO, art 30 deur die mindere vergadering self vasgestel behoort te word en nie deur die Algemene Sinode nie. Hiervolgens kan dus nie gestel word dat die Algemene Sinode met die prosedure vasgestel die evaluering van die buitengewone gawes onderbeklemtoon het nie.

5.4 *Bevinding oor beswaargrond*

Die Beswaarskrif het nie bewys dat die huidige prosedure die evaluering van die buitengewone gawes onderbeklemtoon het nie.

Besluit: Punte 5.1 tot 5.4 kennis geneem.

5.5 *Aanbeveling*

5.5.1 Die beswaargrond slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

6. Beoordeling van beswaargrond 3

6.1 *Bewering deur Beswaarskrif*

Die Beswaarskrif beweer dat die vasgestelde prosedure nie die periode van groei en ontwikkeling tot by preekvaardigheid reflekteer nie.

6.2 *Beredenering deur Beswaarskrif*

6.2.1 Die Beswaarskrif stel dat KO, art 8 ‘n periode van groei en ontwikkeling tot by die toepassing van die besondere gawes veronderstel.

6.2.2 Die Beswaarskrif stel verder dat hierdie periode van groei en ontwikkeling nie deur hierdie prosedure gereflekteer word nie, aangesien die evaluering van preke deel uitmaak van die aanvanklike ondersoek.

6.3 *Beoordeling van beswaargrond*

6.3.1 Die vertrekpunt van die Beswaarskrif, naamlik dat KO, art 8 ‘n periode van groei en ontwikkeling tot by die toepassing van die besondere gawes veronderstel, is korrek.

6.3.2 Die Beswaarskrif hou egter nie rekening met 1.3.2.6 van die prosedure nie. Hierin word die student (sic) na ‘n Klassis gestuur vir preekproewe – heeltemal in lyn met die inhoud van KO, art 8.

6.3.3 Alhoewel daar dus wel ‘n evaluering van preke alreeds by die TSP-evaluering na vore kom, word die geleentheid tot groei en ontwikkeling nie weggeneem nie.

6.4 *Bevinding oor beswaargrond*

Die Beswaarskrif het nie bewys dat die vasgestelde prosedure nié die periode van groei en ontwikkeling tot by preekvaardigheid reflekteer nie.

Besluit: Punte 6.1 tot 6.4 kennis geneem.

6.5 *Aanbeveling*

6.5.1 Die beswaargrond slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

7. Beoordeling van beswaargrond 4

7.1 *Bewering deur Beswaarskrif*

Die Beswaarskrif beweer dat die vasgestelde prosedure nie die bydrae van al die rolspelers in ‘n KO, art 8 aansoek definieer nie.

7.2 *Beredenering deur Beswaarskrif*

7.2.1 Die Beswaarskrif bespreek die verskillende rolspelers se bydraes in die proses rondom die aansoek volgens KO, art 8 – en dui beweerde tekortkominge in die prosedure aan.

7.2.2 Die Beswaarskrif beredeneer verder dat ‘n duidelike definiëring van die rolle noodsaaklik is, aangesien die artikel 8 KO-proses ’n sterk subjektiewe proses is.

7.3 *Beoordeling van beswaargrond*

7.3.1 Die Beswaarskrif hou nie rekening met die beginsel grondliggend aan KO, art 30, naamlik dat meerdere vergaderings nie sake moet hanteer wat reeds deur mindere vergaderings afgehandel kon word nie.

7.3.2 Die definiëring van al die rolspelers se bydraes in die proses is ‘n saak wat by die betrokke mindere vergaderings tuishoort.

7.4 *Bevinding oor beswaargrond*

Die Beswaarskrif het nie bewys dat die vasgestelde prosedure nie die bydrae van al die rolspelers in ‘n KO, art 8 aansoek definieer nie.

Besluit: Punte 7.1 tot 7.4 kennis geneem.

7.5 *Aanbeveling*

Die beswaargrond slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.

8. Finale aanbevelings

8.1 Omdat beswaargrond 1 die essensie van KO, art 8 raak, slaag die Beswaarskrif in geheel.

8.2 Die versoek van GK Pinetown dat hul voorgestelde Prosedure aanvaar word, word in die lig van KO, art 30 nie aan gevolg gegee nie.

8.3 Die voorgestelde Prosedure word na die Kuratore verwys om, in ooreenstemming met die Kerkorde en Sinodebesluite, as riglyn aan die kerke deur te gee.

Besluit: Punte 8.1 tot 8.3 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).